# Redakteursnota

In hierdie uitgawe beredeneer sowel Andries Raath as Danie Strauss spesifieke filosofiese vooropstellings in die voortgesette debat rondom staat en samelewing. Andries Raath bepleit 'n diepgaande gesprek oor grondslagkwessies – vir hom is dit essensieel dat voldoende aandag geskenk word aan "die grondmotiewe, grondidees en ideologiese ladings van wetenskaplike begrippe in die antieke Griekse politieke denke". Eweneens beredeneer Danie Strauss in sy artikel, met spesifieke verwysing na Koos Malan se *Politokrasie,* "wysgerige onderskeidinge relevant vir 'n besinning oor staat en samelewing".

Ter inligting word die vorige bydraes tot die debat hieronder kortliks geskets:

In die Junie 2016-nommer van die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* het Andries Raath, in 'n diskoers met Danie Goosen en Koos Malan, die politieke en regsfilosofiese implikasies van politieke kommunitarisme van nader bekyk.

In die September 2016-nommer tree Danie Strauss toe tot die debat deur aan te voer dat die tekortkominge van sowel individualistiese (atomistiese) as universalistiese (holistiese) benaderings ondervang kan word "indien erns gemaak word met die ontiese beginsels van *soewereiniteit-in-eie-kring* en *universaliteit-in-eie-kring*".

In Desember 2016, in die tweede boek, lewer sowel Danie Goosen as Koos Malan repliek op die vorige twee standpunte, soos verwoord deur Andries Raath (Junie 2016) en Danie Strauss (September 2016) onderskeidelik.

In Junie 2017, in die tweede boek, reageer Danie Strauss op veral Danie Goosen se repliek wat in die Desemberuitgawe van 2016 verskyn het. Die outeur beplan om in opvolgbydraes bepaalde raak- en verskilpunte met sowel Danie Goosen as Koos Malan se standpunte breër uit te werk. Hierbenewens sal 'n verdere bydrae van Andries Raath ook in die September 2017-uitgawe geplaas word.

Alle lesers van die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* word weer eens hartlik uitgenooi om deel te neem aan die debat. Beperk u debatsbydraes tot hoogstens 2 000 woorde. Indien u sou verkies om liewer uitvoeriger by wyse van 'n navorsingsartikel te reageer, sal dergelike bydraes aan die gewone keuringsprosedure onderhewig wees, maar steeds in die afdeling AKTUEEL geplaas word.

**Ina Wolfaardt-Gräbe**
Augustus 2017


doi.10.17159/2224-7912/2017/v57n3a11